## MEJ. F. A. DE ROOS, INSPEKTRISE VAN ONDERWYS.

VIR 'n geruime tyd al het belangstellendes in die vak Geskiedenis hulleself afgevra hoe die Suid-Afrikaanse Geskiedenis onder die aandag van die kinders in die Junior afdelings van ons skole gebring kan word, en wel op so 'n wyse dat die rol van die kind in die Geskiedenis ook op die voorgrond kom, en dat die liefde vir die Vaderland reeds vroeg opgewek kan word.

Om liefde op te wek, vereis belangstelling. Dit is 'n bekende feit dat kinders in kinders, hulle lewende aktiwiteite en hulle doen en late belangstel. Van hierdie feit kan by uitstek gebruik gemaak word by die onderrig van Geskiedenis. Vir die kind kan die lewe van die Boesman, een van die vroeëre bewoners van ons land, die lewe van die eerste Nedersetters aan die Kaap, hulle huise, hulle boerdery, leefwyse, ens. uiters interessant aangebied word. Net soveel belangstelling word getoon in die kinderlewe van die Voortrekkers, hulle leefwyse en veral die lewe op die trekpad. Dit is veral die geval in die skole waar die Africana Museum deur groepe leerlinge besoek word. Hier sien die kinders allerhande gebruiksartikels uit daardie dae, die kleredrag kan bestudeer en selfs modelle van gemaak word. In sommige skole waar bv. die projekmetode toegepas word, het kinders geweldige belangstelling in die Geskiedenis van ons land gestel. Modelle is bv. in naald- en handwerkklasse gemaak van kledingstukke en allerhande voorwerpe wat deur die vroeër bewoners van ons land, die eerste blankes en die Voortrekkers gebruik is.

Deur middel van korrelasie van vakke is geslaag om 'n chronologiese verloop van ons Geskiedenis op hierdie wyse aan te bied. Eie werk van leerlinge in hierdie verband is van 'n baie hoë standaard selfs in die Junior klasse van skole.

Dit ly geen twyfel nie dat daar by hierdie kinders 'n besondere belangstelling en liefde vir die Geskiedenis wat hulle as hulle eie aanvoel, ontstaan, omdat hulle met soveel voorwerpe uit die tyd in aanraking kan kom waaruit die Geskiedenis spreek.

Dit is derhalwe verblydend dat daar tans 'n historiese tydskrif die lig sal sien waarin die vak Geskiedenis, miskien die onderrig en ook omvang daarvan, wetenskaplik en prakties bespreek kan word en nuttige wenke aan die hand gedoen kan word.

Die goeie wense word uitgespreek dat hierdie tydskrif ryklik mag bydra tot die opbouing van jong waardige Vaderlands-bewuste seuns en dogters van ons land.